# BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP EN DIE GEVOLGE DAARVAN OP DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

deur

GIDEON JOHANNES KRIGE B.Sc., B.Ing., H.B.A.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER BEDRYFSADMINISTRASIE

in die

FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

LEIER: PROF. DR. D.P. ERASMUS

DESEMBER 1973

OPGEDRA AAN NINA

DANKBETUIGING

Dit is vir my 'n voorreg om in hierdie stadium van my studieloopbaan dank en erkentlikheid te betuig aan al die persone wat regstreeks en onregstreeks meegehelp het om sukses moontlik te maak.

Aan my leier, Prof.dr. D.P. Erasmus, my opregte dank vir sy bekwame leiding.

Graag wil ek ook dank betuig teenoor mnr. Dreyer van die Departement Doeane en Aksyns, wat so vriendelik en gewilliglik die statistiek oor internasionale handel beskikbaar gestel het.

Aan my vrou, vir haar ondersteuning en opofferings, veral gedurende die laaste periode van my studie, kan ek my dank nie in woorde uitdruk nie en sê dus maar net: dankie.

Die Skrywer

VERWOERDBURG

Desember 1973

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

INLEIDING: DOEL EN METODE VAN STUDIE 1

HOOFSTUK I : BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP 1-25

1.1 Agtergrond vir Brittanje se toetrede 3

1.2 Korttermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap 10

1.3 Die landbousektor 12

1.3.1 Die gemeenskaplike landboubeleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap 12

1.3.2 Die landboubeleid van Brittanje 13

1.3.3 Die gevolge vir Brittanje met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap 13

1.4 Die handel en industrie 18

1.5 Langtermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap 22

1.5.1 Voordele vir Brittanje 22

1.5.2 Voordele vir die Europese Ekonomiese Gemeenskap 25

HOOFSTUK II : DIE GEVOLGE VAN BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP OP DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 26-59

2.1 Die belangrikheid van Britse handel met Suid-Afrika 26

2.2 Suid-Afrika se handel met Brittanje 30

2.3 Ontleding van die landbou en aanverwante produkte 44

2.4 Voorkeurtariewe 51

Bladsy

2.5 Die invloed van Brittanje se toetrede op die uitvoer van die belangrikste uitvoerprodukte 52

2.6 Samevatting en gevolgtrekking 58

BIBLIOGRAFIE 60

# LYS VAN TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | VERGELYKING VAN MINIMUM PRYSE VIR SEKERE PRODUKTE IN BRITTANJE EN DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP | 16 |
| 2 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: BELANGRIKSTE AFSETMARKTE: 1968 TOT 1972 | 28 |
| 3 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: INVOERE VOLGENS LANDE VAN HERKOMS: 1968-1972 | 29 |
| 4 | AFDELINGS VAN DIE BRUSSELSE NOMENKLATUUR | 31 |
| 5 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1970 TOT 1972 | 34 |
| 6 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: INVOERE VANAF DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1970 TOT 1972 | 36 |
| 7 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN PêRELS, EDELSTENE, HALFEDELSTENE, EDELMETALE, NAGEMAAKTE JUWELIERSWARE EN MUNTSTUKKE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 37 |
| 8 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN PLANTAARDIGE PRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 38 |
| 9 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN VOORBEREIDE VOEDSEL, DRANKE, SPIRITUS, ASYN EN TABAK NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 39 |
| 10 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN ONEDELMETALE EN ARTIKELS DAARVAN NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 40 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 11 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN TEKSTIELE EN TEKSTIELARTIKELS NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 41 |
| 12 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN LEWENDE DIERE EN DIERLIKE PRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 42 |
| 13 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN MINERAALPRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972 | 42 |
| 14 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN EETBARE VRUGTE, NEUTE EN SKILLE VAN LEMOENE OF SITRUSVRUGTE: 1972 | 46 |
| 15 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GRAANSOORTE: 1972 | 48 |
| 16 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN BEREIDE GROENTE, VRUGTE EN ANDER DELE VAN PLANTE: 1972 | 48 |
| 17 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN BEREIDE VLEIS EN VIS, VAN SKAALDIERE OF VAN WEEKDIERE: 1972 | 50 |
| 18 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN OORBLYFSELS EN AFVAL VAN VOEDSELNYWERHEDE: BEREIDE DIERVOER: 1972 | 50 |
| 19 | REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN TABAK: 1972 | 51 |
| 20 | DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP: VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP UITVOERE NA NEDERLAND | 55 |

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 21 | PRYSE VAN DIE BELANGRIKSTE UITVOERPRODUKTE IN DIE LANDBOUSEKTOR NA BRITTANJE ONDER E.E.G. VOORWAARDES SOOS VAN TOEPASSING IN NEDERLAND | 56 |

--- oOo ---

FIGUUR 1 : BRITTANJE SE UITVOERMARKTE: 1960 EN 1970 20

--- oOo ---

# INLEIDING

## DOEL EN METODE VAN STUDIE

Die doel van hierdie studie is om in breë trekke te bepaal in hoe 'n mate Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap Suid-Afrika sal beïnvloed soos gesien teen die agtergrond van die doelstellings van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Die metode wat gevolg word, is hoofsaaklik 'n statisties-beskrywende metode en die statistiek wat in hierdie studie gebruik is, is hoofsaaklik verkry uit amptelike publikasies van: die Departement van Doeane en Aksyns, Raad van Handel en Nywerheid en Inligtingsafdeling van die Nederlandse Ambassade. Die statistiek wat in hierdie studie gebruik is vir die kalenderjaar 1972 is saamgestel uit die voorlopige finale syfers soos vervat in die rekenaaruitdruk beskikbaar by die Departement van Doeane en Aksyns.

Die metode wat in die ontleding van die studie gevolg word, is soos volg:

(a) Hoofstuk I: In hierdie hoofstuk word die agtergrond geskets wat aanleiding gegee het tot Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Die stof in hierdie hoofstuk behandel, bestaan uit:

(i) die korttermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Gemeenskap met spesifieke verwysing na die landbousektor, handel en industrie. Die probleme wat Brittanje ondervind het

met toetrede asook die onmiddellike gevolge van hierdie stap word van nader toegelig;

(ii) die langtermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Gemeenskap met 'n verwysing na die voordele wat dit kan inhou vir beide Brittanje en die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

(b) Hoofstuk II: In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gedoen van die gevolge van Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap op die handel tussen Suid-Afrika en Brittanje. Die stof in hierdie hoofstuk behandel, bestaan uit:

(i) die belangrikheid van Brittanje se handel met Suid-Afrika;

(ii) 'n ontleding van die uitvoerhandel van Suid-Afrika met Brittanje met spesifieke verwysing na die landbou- en aanverwante produkte;

(iii) die invloed van Brittanje se toetrede op die uitvoer van Suid-Afrika se belangrikste landbou- en aanverwante produkte na Brittanje.

# HOOFSTUK I

## BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP

### 1.1 Agtergrond vir Brittanje se toetrede

Ter inleiding word kortliks gelet op sekere aspekte van die stigting, doelstellings en funksies van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (E.E.G.) soos dit tot stand gekom het met die Verdrag van Rome op 25 Maart 1957. Die toeligting van hierdie aspekte moet gesien word as die agtergrond waarteen Brittanje se toetrede, sy probleme ondervind op verskillende terreine, asook die gepaardgaande voordele en nadele wat dit vir hom inhou, van nader en in meer diepte bespreek sal word.

Die idee van die stigting van 'n Ekonomiese Gemeenskap met al die gepaardgaande voordele wat dit vir lidlande sou kan inhou, het tot stand gekom na die Tweede Wêreldoorlog. Onder leiding van die Amerikaanse Marshallplan het die lande van Wes-Europa saamgewerk om die ekonomie van Europa weer op sy voete te bring en op 'n gesonde fondament te plaas. Hierdie samewerking het hulle laat besef watter waarde daarin steek om ekonomies te kan saamwerk. Daar is dan ook besluit om alle konflikte wat so lank al tussen die betrokke lande bestaan, uit die weg te ruim om hulle in staat te stel om weer 'n leidende en berekende rol te vervul in die wêreld waarin hulle 'n potensiële sterk, ekonomiese front kan vorm. Die volgende lande het dan ook die Verdrag van Rome onderteken waardeur die Europese Ekonomiese Gemeenskap tot stand gekom

het: Frankryk, Italië, Nederland, België, Luxemburg en Wes-Duitsland.

Die Europese Ekonomiese Gemeenskap het die volgende primêre doelstellings voor oë gehad:

(i) Die vrye beweging van goedere, dienste, arbeid en kapitaal tussen lande van die Gemeenskap.

(ii) Die daarstelling van 'n uniforme eksterne tariefbeleid tussen die lidlande en die res van die wêreld.

(iii) Om 'n gemeenskaplike landboubeleid te formuleer en te implementeer vir toepassing in alle lidlande.

(iv) Om prosedures neer te lê vir die koördinasie van lidlande se ekonomiese beleidsrigtings.

Om hierdie doelstellings te verwesenlik is die volgende instellings binne die Gemeenskap in die lewe geroep:

(a) <u>Die Raad van Ministers</u>: Hierdie Raad bestaan uit 'n minister, gewoonlik die minister van buitelandse sake, van elke lidland. Elke lidland kry die geleentheid om die presidentskap vir ses maande waar te neem. Die basiese besluite van die Europese Ekonomiese Gemeenskap word deur middel van 'n meerderheid van stemme deur hierdie Raad geneem.

(b) <u>Die Kommissie</u>: Die Kommissie bestaan uit lede, 'n maksimum van twee per lidland, wat vir 'n periode van vier jaar aangestel word. Die Kommissie moet aangeleenthede in belang van

die Gemeenskap ondersoek en dan aanbevelings aan die Raad van Ministers maak.

(c) Die Geregsbank: Dit bestaan uit sewe lede, almal regters, wat benoem word deur 'n onderlinge ooreenkoms. Die geregsbank het sy sitting in Luxemburg. Hulle taak is om die betekenis van die verdrae en ooreenkomste te vertolk en om die reëls en regulasies wat nagekom moet word, te interpreteer. Besondere probleme van lidlande kan na die Bank verwys word vir beslegting.

(d) Die Parlement: Die Parlement bestaan uit lede van die verskillende lidlande en hulle besluit oor beleidsaangeleenthede van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Brittanje en ander Wes-Europese lande soos Denemarke, Noorweë, Portugal en Oostenryk was skrikkerig om aan so 'n ekonomiese gemeenskap met sy gepaardgaande ooreenkomste deel te neem aangesien dit sou beteken dat hulle noodwendig betrokke sou raak in verpligtinge wat verreikende gevolge vir hulself kon inhou. Brittanje het opgesien teen sulke samewerking vanweë sy wêreldwye verpligtinge en verantwoordelikhede teenoor die Statebond terwyl die ander lande bekommerd was dat so 'n stap hulle neutraliteit sou aantas.

Na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap het Brittanje probeer om een of ander vorm van 'n vryhandelsooreenkoms met die Gemeenskap op 'n breër Europese basis te bekom. Hierdie poging het egter misluk en gedurende die jare 1959 en 1960 het

Brittanje en ses van die ander lande wat nie tot die Gemeenskap toegetree het nie, naamlik Denemarke, Oostenryk, Noorweë, Portugal, Swede en Switserland die Europese Vryhandelsvereniging („European Free Trade Association" : E.F.T.A.) gestig. Die ooreenkoms wat hier tot stand gekom het, was daarop gemik om die struikelblokke in die handel tussen hierdie lande uit die weg te ruim, maar dat elke lidland nog sy eie individuele tariewe en kommersiële beleidsrigtings teenoor die res van die wêreld sal behou en handhaaf. Dit dui op 'n belangrike verskil met die doelstellings van die Europese Ekonomiese Gemeenskap waar 'n uniforme tariefbeleid en ooreenkoms met die Derde Wêreld nagestreef word. Hierdie Vereniging se doelstellings was nie net beperk tot die stigting en handhawing van 'n vryhandelsgebied nie, maar het uitgekring om ook later die Europese Ekonomiese Gemeenskap tesame met die ander Europese lande in te sluit. Hiervan getuig die toetrede tot die Vereniging van Finland in 1961 en Ysland in 1970. Die betrokkenheid van Brittanje met hierdie Europese Vryhandelsvereniging tree dan ook sterk op die voorgrond in die probleme wat hy ondervind het by sy toetrede.

In die jare sestig het Brittanje se beleid jeens Europa begin verander hoofsaaklik vanweë die volgende tendense:

(i) Die sukses wat die Europese Ekonomiese Gemeenskap op alle terreine begin behaal het.

(ii) Die veranderings wat in die Statebond ingetree het en die feit dat die Statebondslande, wat onafhanklikheid verkry het, vinnig in getalle begin toeneem het. Dit op sy beurt het

Brittanje se verantwoordelikhede teenoor hierdie lande laat afneem.

Gedurende 1961 het Brittanje dan ook tesame met Denemarke, Noorweë en die Ierse Republiek vir die eerste maal aansoek gedoen om lidmaatskap of toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Samesprekings in hierdie verband met die bestaande ses lidlande het 'n aanvang geneem op 10 Oktober 1961 en het in Parys plaasgevind. Gedurende die samesprekings is daar eenstemmigheid bereik oor verskeie belangrike aspekte, maar op 14 Januarie 1963 het Frankryk openlik sy teenkanting teen Brittanje se toetrede te kenne gegee. Frankryk se teenkanting was hoofsaaklik gemik op Brittanje se ongunstige betalingsbalans wat volgens hom 'n onnodige las op die Gemeenskap sou plaas. Aangesien al die lidlande in die Gemeenskap eenparig moes wees in hul toestemming tot toetrede van 'n land tot die Gemeenskap, het die samesprekings op 'n dooie punt uitgeloop nieteenstaande die feit dat die Kommissie van die Gemeenskap asook die ander vyf lidlande wou gehad het dat die samesprekings voortgesit moes word. Die aansoeke van die ander lande is egter ook van die hand gewys.

Vanweë ontwikkelinge in die res van die wêreld gedurende die jare wat gevolg het, het die behoefte al hoe dringender begin word vir Europa om saam te werk op tegnologiese, ekonomiese en politieke gebied, en vir Brittanje om nader betrek te word. Hierbenewens het Brittanje se handel en beleggings in die Europese Ekonomiese Gemeenskap gegroei en die Statebondslande het begin om hulle eie handel na ander lande uit te brei. In die lig van

die vinnige en volgehoue ontwikkeling binne die Gemeenskap het Brittanje vir die tweede maal gedurende Mei 1967 aansoek gedoen om lidmaatskap van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Weer eens is sy aansoek van die hand gewys weens Frankryk se teenkanting teen sy interne sowel as eksterne ekonomiese probleme.

Sterk pogings is egter deur die ander vyf lidlande aangewend om kontak met Brittanje te behou en gedurende April 1969 het dit weer met die heropening van onderhandelings moontlik geword om 'n vergroting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap in die vooruitsig te stel. Frankryk het nou vir die eerste keer te kenne gegee dat hy nie meer gekant is teen die vergroting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, mits so 'n vergroting nie die Gemeenskap sou verswak nie. In die lig hiervan het die ses lidlande gedurende Desember 1969 samesprekings in Den Haag gevoer waartydens belangrike besluite geneem is ten opsigte van die finansies en ontwikkeling van die Gemeenskap en die weg is gebaan om samesprekings voort te sit ten einde die Europese Ekonomiese Gemeenskap te vergroot. Hierdie samesprekings met Brittanje en die ander lande wat aansoek gedoen het, het dan ook op 30 Junie 1970 op ministeriële vlak 'n aanvang geneem. Vordering was van so 'n aard dat besoeke gedurende Junie 1972 gebring is deur lede van die Gemeenskap se Kommissie aan Denemarke, Noorweë, Ierland en Brittanje om finale samesprekings te voer en eerstehandse kennis in te win oor landbouaspekte in die lande.

Gedurende die tydperk April 1972 tot September 1972 het die ses lidlande hulle goedkeuring verleen vir die vergroting van die

Europese Ekonomiese Gemeenskap. Referendums is in Denemarke, Noorweë en Ierland gehou om die volk se mening te toets oor die toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap en die resultate was soos volg:[1])

| | Ten Gunste | Daarteen |
|---|---|---|
| Ierland (10 Mei 1972) | 83,1% | 16,9% |
| Denemarke (11 Oktober 1972) | 63,5% | 36,5% |
| Noorweë (25 September 1972) | 46,51% | 53,49% |

In Brittanje is goedkeuring deur die Parlement en Hoërhuis op 20 September 1972 verleen dat Brittanje, met die nakoming van die neergelegde voorwaardes en ooreenkomste, toetree as lid van die Gemeenskap. In Noorweë het die volk teen lidmaatskap gestem, maar onderhandelings is met die Gemeenskap hervat in 'n poging om 'n aanvaarbare oplossing te vind.

Teen die laaste helfte van dieselfde jaar is die nodige wysigings vir die vergroting van die Gemeenskap dan ook in die handves van die Europese Ekonomiese Gemeenskap aangebring en gepubliseer. Verteenwoordigers is gedurende September 1972 van al nege die lidlande in die verskillende werksgroepe en beheerliggame van die Gemeenskap opgeneem waarna die vergrote Europese Ekonomiese Gemeenskap amptelik begin funksioneer het.

---

1) Secretariat of the Commission: Bulletin of the European Communities. Volume 5, No. 10 - 1972, p. 117.

Vir die drie nuwe lede, Brittanje, Denemarke en Ierland, is 'n vyf jaar oorgangstydperk vasgestel wat tot en met 1 Januarie 1978 van krag bly en waartydens die lande geleentheid gegun word om ten volle aan te pas en die gapings op alle ekonomiese terreine te oorbrug. Wat die belangrike aspek van finansiering betref, is voorsiening gemaak dat gedurende die oorgangstydperk, Brittanje en die ander nuwe lede, 'n sekere vaste persentasie tot die Gemeenskap bydra wat bepaal is deur hulle bydrae en deling in die Bruto Nasionale Produksie (B.N.P.) van die vergrote Gemeenskap. Brittanje se bydrae sal soos volg wees:[1)]

| | Persentasie van die Totaal |
|---|---|
| 1973 | 8,64 |
| 1974 | 10,86 |
| 1975 | 13,34 |
| 1976 | 16,03 |
| 1977 | 18,92 |

## 1.2 Korttermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap

Belangrike vrae spruit nou voort uit hierdie vergroting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap en hier sal slegs aandag geskenk word aan daardie aspekte wat regstreeks of onregstreeks betrekking het op Brittanje se toetrede. In sy stryd om tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap toegelaat te word, was daar verskeie probleme wat as struikelblokke uit die weg geruim moes word. Aan

1) Economic Progress Report. Information Division of the Treasury of the U.K., Januarie 1973, p.2.

die een kant is hierdie probleme sterk aangeblaas deur vlae van pessimisme en die onderstreping van die nadele wat met toetrede gepaard sou gaan op alle terreine van die ekonomie. Aan die ander kant is die ekonomiese voordele van toetrede sterk ondersteun en beklemtoon deur die volgehoue groei en ontwikkeling op alle terreine in die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die onmiddellike effek op Brittanje met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap sal in 'n groot mate afhang van die maatreëls en ooreenkomste wat daar gesluit is en wat as voorwaardes neergelê is deur die aanvanklike ses lidlande. Gedurende die oorgangstydperk van vyf jaar wat hierop gaan volg, sal Brittanje nieteenstaande hierdie voorwaardes en ooreenkomste nog gekonfronteer word met probleme en nadele wat op die korttermyn baie sterker sal weeg as die werklike voordele wat so 'n Ekonomiese Gemeenskap eintlik bied. Hierdie korttermynprobleme met gepaardgaande nadele sal sterk na vore kom op terreine soos die landbou, handel en industrie. Dit is hoofsaaklik op hierdie terreine waar Brittanje sy grootste aanpassings en opofferings sal moet maak ten einde die ekonomiese voordele van so 'n Gemeenskap intern sowel as ekstern ten volle te kan benut.

Die probleme wat ondervind gaan word op bogenoemde terreine, sal nou kortliks in breë trekke bespreek word.

## 1.3 Die landbousektor

### 1.3.1 Die gemeenskaplike landboubeleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap

Ten eerste is die gemeenskaplike landboubeleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap daarop gemik om strukturele hervorming en verbetering in die landboubedryf binne die Gemeenskap te weeg te bring. Dit word nagestreef met die implementering van verbeterde tegnieke en bestuursdoeltreffendheid, verhoging in die doeltref-fendheid van die bemarkingsisteem en die konsolidering van kleinhoewes.

Ten tweede is die doel van hierdie gemeenskaplike landboubeleid om die boer van 'n ekonomiese regverdigbare inkomste te voorsien deur die pryse van landbouprodukte wat binne die Gemeenskap geproduseer word, deur markmanipulasie te verhoog. Die markpryse word op so 'n manier bepaal dat die boer 'n minimum prys, naamlik die referensieprys[1)] vir sy produk gewaarborg word. Dit bring mee dat pryse binne die Gemeenskap tussen 75 persent en 100 persent hoër is as pryse van landbouprodukte buite die Gemeenskap. Beskermende maatreëls is egter ingestel om die produsente van lidlande te beskerm en 'n mark vir hulle produkte te waarborg deur hoë invoerheffings en doeaneregte te hef op produkte wat van buite ingevoer word. Verder bring dit mee dat uitvoere gesubsidieer moet word indien dit teen laer pryse en dus teen 'n verlies verkoop word.

---

1) Die referensieprys is 'n eenvormige standaardprys wat van tyd tot tyd vir landbouprodukte binne die E.E.G. in 'n gemeenskaplike rekeneenheid vasgestel word.

Die koste verbonde aan die implementering van hierdie beleid word gefinansier deur 'n gemeenskaplike landboufonds wat bekend staan as die „European Agricultural Guidance and Guarantee Fund (E.A.G.G.F.)". Negentig persent van alle invoerheffings op landbouprodukte word in die fonds gestort en daarbenewens moet elke lidland 'n vasgestelde bydrae tot die fonds maak en wel teen 'n vaste skaal soos bereken is tydens die Verdrag van Rome.

### 1.3.2 Die landboubeleid van Brittanje

In Brittanje word die produsent ook 'n minimum prys vir sy landbouproduk deur die regering gewaarborg met dieselfde doel voor oë, naamlik beskerming en om 'n stabiele en doeltreffende landbou-industrie te handhaaf. Die minimum prys hier is ook hoër as die algemene heersende wêreldpryse vir die produkte. Die wesenlike verskil in beleid met dié van die Europese Ekonomiese Gemeenskap lê egter daarin dat die verskil tussen die wêreldprys en die markprys binne Brittanje deur die regering direk aan die boer uitbetaal word. Verder bestaan daar 'n voorkeurbeleid en tariefbeskerming teenoor produkte van en na die Statebond.

### 1.3.3 Die gevolge vir Brittanje met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap

Brittanje word gekonfronteer met drie basiese probleme in die landbousektor met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Ten eerste beteken dit dat Brittanje die gemeenskaplike landboubeleid van die Gemeenskap sal moet aanvaar en implementeer met

miskien enkele aanpassings. Dit sal die verdwyning van die regstreekse ondersteuning deur die regering aan die boer meebring en daarbenewens sal die pryse van sowat negentig persent van al die landbouprodukte vir die verbruiker vanweë die invoere teen hoër pryse vanaf die ander lidlande met 'n verwagte tien tot veertien persent styg. Dit op sy beurt sal weer 'n verhoging in die lewenskoste tot gevolg hê wat eise om hoër lone en salarisse sal aanwakker. Die algemene effek is dus 'n styging van industriële produksiekoste wat weer 'n remmende invloed sal uitoefen op Britse kompeterende uitvoere.

Tabel 1 gee 'n aanduiding van die minimum gewaarborgde pryse vir verskillende landbouprodukte soos van toepassing in Brittanje en die Gemeenskap. Dit is duidelik uit die syfers dat die minimum gewaarborgde pryse in Brittanje deur die bank laer is as die ooreenstemmende pryse in die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Dit is ook interessant om daarop te let dat die persentasie gaping tussen hierdie twee minimum pryse vanaf 1968/69 tot 1969/70 aansienlik gekrimp het vir alle produkte behalwe vir rog wat 'n styging getoon het. Die minimum gewaarborgde pryse in Brittanje het binne hierdie een jaar ten opsigte van sekere produkte stygings getoon van tussen 0,89 persent en 7,5 persent terwyl dit binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap op en een uitsondering na konstant gebly het. Hierdie styging het wel die gaping laat krimp en dit is duidelik dat indien hierdie tempo sou voortduur daar nogtans met toetrede in 1972 'n gaping van bykans 20 persent sal wees indien weinig of geen aanpassings in die Gemeenskap gedoen word nie. Dit op sigself bly nog 'n groot grensverskil om

te oorbrug veral indien dit nie oor 'n redelike oorgangstydperk kan plaasvind nie.

Ten tweede sal Brittanje se handelsbalans nadelig geraak word met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Brittanje voer landbouprodukte op groot skaal in vanaf nie-lidlande teen die heersende lae wêreldmarkpryse. Die implementering van die gemeenskaplike landboubeleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap in Brittanje sal meebring dat hoë heffings op die invoere van krag gemaak sal word waarvan ongeveer 90 persent aan die Gemeenskaplike Fonds (E.A.G.G.F.) toegedeel sal word. Daarbenewens sal Brittanje ook 'n vaste bedrag in die Fonds moet stort en aangesien sy invoere van landbouprodukte so hoog is, sal hy 'n aansienlike bydrae aan die Fonds deur middel van heffings maak. Aangesien Brittanje 'n klein uitvoerder van landbouprodukte is, sal hy min voordeel trek uit die E.A.G.G.F. se hulpprogram en dus min fondse op die wyse uit die Fonds onttrek.

Hierdie bydraes aan die E.A.G.G.F. in die vorm van 'n vaste bedrag en heffings op invoere gekoppel met verhoogde koste van invoere sal dus Brittanje se handelsbalans nadelig raak deur 'n verhoging in die geld uitvloei uit die land uit.

TABEL 1[1)]

VERGELYKING VAN MINIMUM PRYSE VIR SEKERE PRODUKTE IN BRITTANJE EN DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP (JUNIE 1969)

| Produk | $/Metrieke ton 1968-1969 | | $/Metrieke ton 1969-1970 | | Persentasie-verskil | | Persentasie-toename | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Brittanje | E.E.G. | Brittanje | E.E.G. | 1968-69 | 1969-70 | Brittanje | E.E.G. |
| Graan | 64,76 | 89,75 | 68,50 | 98,75 | 34,4 | 30,6 | 5,8 | - |
| Gort | 59,45 | 87,98 | 61,42 | 88,48 | 32,4 | 30,6 | 5,0 | 0,57 |
| Rog | 50,98 | 91,90 | 50,98 | 91,00 | 34,0 | 44,0 | - | - |
| Beet (Suiker) | 16,12 | 17,00 | 16,12 | 17,00 | 5,2 | 5,2 | - | - |
| Melk | 95,45 | 103,00 | 96,30 | 103,00 | 7,3 | 6,5 | 0,89 | - |
| Bees en Kalf (Lewende gewig) | 472,42 | 680,00 | 507,85 | 680,00 | 30,5 | 25,3 | 7,5 | - |
| Varkvleis (Geslagte) | 623,91 | 750,00 | 640,45 | 750,00 | 16,8 | 14,6 | 2,7 | - |
| Botter | 70,86 | 173,5 | 70,86 | 111,00 | 244,8 | 156,5 | - | - |

1) Problems of British Entry Into the E.E.C.
European Series No. 11 (PEP).
September, 1969, p.25.

Ten laaste moet daar gewys word op die kwesbare Statebondsbelange wat Brittanje het, veral sy handel in botter met Nieu-Seeland en sy suikerinvoere vanaf ontwikkelende Statebondslande. 'n Groot deel van Brittanje se onderhandelinge met die Europese Ekonomiese Gemeenskap was dan ook daarop toegespits om bevredigende ooreenkomste te bereik in genoemde belange. Samesprekings het in 1971 geslaag om langtermynooreenkomste aan te gaan dat ontwikkelende Statebondslande dieselfde handelsooreenkomste sal hê met die Europese Ekonomiese Gemeenskap as met Brittanje.

Brittanje kan slegs in ses persent van sy binnelandse botterbehoeftes voorsien en voer op 'n toegedeelde kwotabasis ongeveer 440 000[1)] ton botter per jaar in vanaf die buiteland. Die grootste gedeelte van hierdie invoere kom vanaf Nieu-Seeland, naamlik 170 000 ton en hierdie kwantiteit verteenwoordig 85 persent van laasgenoemde se botteruitvoere.[2)] Dit is dus duidelik dat indien hierdie invoere vanaf Nieu-Seeland, wat deur middel van 'n ooreenkoms bestaan, met Brittanje se toetrede sal wegval dit sal meebring dat Nieu-Seeland se botteruitvoere nadelig geraak sal word en dat hy ander afsetgebiede vir hierdie groot deel van sy mark sal moet vind.

'n Saak wat ook nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat die V.S.A. algemene teenkanting toon teen die beskermende maatreëls wat die gemeenskaplike landboubeleid van die Gemeenskap

1) Pisani, E. Problems of British Entry into the E.E.C. Reports to the Action Committee for the United States of Europe. European Series No. 11. London, 1969, p.34.
2) Ibid

aan lidlande bied, aangesien dit 'n struikelblok vorm vir landbouprodukte vanaf die V.S.A. om toegang te kry tot die tuismarkte binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Brittanje se toetrede sal net meebring dat hierdie beleid verder uitgebrei word om homself ook in te sluit en dit mag sy bestaande handel in die algemeen met die V.S.A. nadelig raak.

## 1.4 Die handel en industrie

Brittanje leef deur middel van sy handel. Ongeveer die helfte van sy voedsel en meeste van sy rumateriaal word vanaf die buiteland ingevoer en deur goedere en dienste dwarsdeur die wêreld te verkoop, verdien hy die kapitaal om daarvoor te kan betaal. Ongeveer 85 persent[1)] van Brittanje se uitvoere word verteenwoordig deur klaarvervaardigde goedere, en die handel met Wes-Europa het die laaste dekade in so 'n mate gegroei, dat daar nou bykans twee maal soveel na Wes-Europa uitgevoer word as na die Statebond. Figuur 1 gee 'n grafiese beeld van die styging in Brittanje se uitvoermarkte in die periode van 1960 tot 1970. Hieruit blyk dit duidelik dat 'n styging van 10,9 persent in die handel met Wes-Europa plaasgevind het terwyl 'n ewe treffende daling van 10,8 persent in die handel met die Sterlinggebied plaasgevind het. Laasgenoemde daling is grootliks toe te skryf daaraan dat al hoe meer Statebondslande onafhanklikheid verkry en ekonomies ontwikkel en diversifiseer het en as gevolg hiervan het hulle minder begin staat maak op invoere vanaf Brittanje.

---

1) Factsheets Britain and Europe - Complete Series No. 1-11. London, Her Majesty's Service, Mei 1971. Hoofstuk 5.

Aan die anderkant toon die uitvoerhandel met die Europese Ekonomiese Gemeenskap die grootste enkele styging in die dekade, naamlik 5,7 persent. Van sy totale uitvoere na Wes-Europa teen 1970, was meer as die helfte na die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Uitvoere na die res van die wêreld en Amerika het teen 1970 maar 31 persent van sy totale uitvoere uitgemaak.

Klaarvervaardigde goedere verteenwoordig ongeveer 60 persent[1] van die Europese Ekonomiese Gemeenskap se totale invoere. Gedurende 1969 was die Europese Ekonomiese Gemeenskap se mark vir klaarvervaardigde goedere bykans twee maal so groot as die mark van die V.S.A., twee en 'n half keer so groot as die hele mark van E.V.H.V. en meer as tien maal so groot as die Japanese mark.[2] Die aanvanklike ses lidlande van die Gemeenskap, met hulle bevolking van bykans 200 miljoen, het reeds gedurende 1969 die grootste handelsblok in die wêreld gevorm. Gedurende hierdie jaar het hulle totale invoere en uitvoere bykans 30 persent[3] van die totale wêreldhandel uitgemaak.


Net voor toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap het Brittanje se uitvoere na die Gemeenskap ongeveer 7 persent[4] van die Europese Ekonomiese Gemeenskap se totale invoere verteenwoordig en dit dui op die groot groeimoontlikhede van uitvoere na die Gemeenskap.

---

1) Ibid.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Ibid.

FIGUUR I

BRITTANJE SE UITVOERMARKTE: 1960 EN 1970[1]






1) Factsheets Britain and Europe - Complete series no. 1-11. Londen, Her Majesty's Service, Mei 1971. Hoofstuk 5.

'n Verdere aspek waarmee vervaardigers in Brittanje deeglik mee rekening moet hou, is die verskil wat daar bestaan tussen die tariewe op invoere soos van toepassing binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap en Brittanje. Die gemeenskaplike tariewe wat deur die Europese Ekonomiese Gemeenskap van toepassing gemaak is op al sy invoere, is in die algemeen heelwat laer as Brittanje se tariewe. Brittanje se toetrede sal dus meebring dat sy bestaande tariewe verlaag sal moet word om aan te pas by die Gemeenskap se gemeenskaplike tariefbeleid. Dit alleen sal vir die Europese Ekonomiese Gemeenskap meer voordele inhou as vir Brittanje. Laasgenoemde sal baie meer kwesbaar word vir kompetisie van lande van buite op sy tuismarkte daar hulle nou met die verlaagde tariewe makliker toegang sal verkry. Industrieë in Brittanje gaan dus gekonfronteer word met 'n bedreiging van 'n vermindering in hul aandele op die tuismark deur sterk kompetisie van die Europese Ekonomiese Gemeenskapslande. As 'n teenmaatreël kan die industrieë in Brittanje voordeel trek uit verhoogde uitvoere na die ander lidlande van die Gemeenskap indien produktiwiteit in so 'n mate verhoog kan word om die onvermydelike styging in lone te absorbeer. Die styging in die pryse van produkte soos reeds getoon, gaan 'n algemene verhoging in lewenskoste meebring wat op sy beurt noodwendig sal lei tot eise om hoër lone. Hierdie styging in lone sal meebring dat die vervaardiger se koste die hoogte kan inskiet waardeur hy sy kompeterende front op die tuismark sowel as op eksterne markte sal moet inboet. Aan die ander kant kan hierdie intensiewer kompetisie daartoe lei dat industrieë aangespoor word om hul produktiwiteit te verhoog wat op sy beurt 'n verhoging in die bruto nasionale produksie tot gevolg kan hê.

Indien daar nou gelet word op Brittanje se markte met die res van die wêreld is daar twee aspekte wat nadelige gevolge op hierdie markte sal hê sodra Brittanje lid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap word. Ten eerste sal die handelsvoorkeure wat daar bestaan tussen Brittanje en die Statebond wegval wat sal meebring dat die voorkeure wat uitvoerders in Brittanje op hierdie markte geniet het, nou sal verdwyn. Dit bring mee 'n totale inkrimping van die markte met die res van die wêreld wat uitvoerders in Brittanje sou geniet het indien hy nie lid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap geword het nie.

## 1.5 Langtermynaspekte van Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap

### 1.5.1 Voordele vir Brittanje

Hierdie nadele op die ekonomiese front waarmee Brittanje gekonfronteer sal word met toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap, behoort egter op die langtermyn wanneer die mikpunte en doelstellings van die Ekonomiese Gemeenskap volle wasdom bereik, heeltemal verdwerg te word deur die werklike voordele wat dit bied.

Vir Brittanje se industrieë en handel beteken dit deelname aan doeane- en tariefooreenkomste wat alle struikelblokke op die weg na vryhandel tussen lidlande uiteindelik sal uitskakel. Binne hierdie Gemeenskap sal industriële produkte vrylik kan beweeg sonder tariefbeskerming en kwotas. Die skepping van so 'n groot Europese mark sal inderwaarheid 'n stimulus bied vir 'n baie

groter en vinnig groeiend tuismark vir Brittanje wat baie meer geleenthede skep en gesonde kompetisie aanwakker wat andersins nie in die toekoms vir hom sou bestaan het nie. Vir Britse industrieë beteken dit groter spesialisasie en stimuli tot vinniger ekonomiese groei wat 'n verhoging in uitvoere teweeg kan bring wat op sy beurt die onvermydelike styging in invoere kan neutraliseer met goeie gevolge vir die Britse handelsbalans. Hierdie grootskaalse verwagte toename in produksie behoort die produktiwiteit binne die industrieë te verhoog wat aanleiding kan gee tot 'n versnelde tempo in toename van rieële inkomste en ekonomiese aktiwiteit.

Op die terrein van tegnologiese ontwikkeling het die kostes verbonde aan navorsing en ontwikkeling dwarsdeur die wêreld groot stygings en afmetings begin aanneem. Hierdie kostes verbonde aan die navorsing en ontwikkeling van enige projek kan verhaal word deur inkomste op verkope of deur finansiële hulp vanaf die kant van die regering. Sulke kostes kan vir enkele projekte tot soveel as R800 miljoen beloop. Vir 'n enkele land kan sulke ontwikkelings op tegnologiese gebied uitgesluit word vanweë die geweldige finansiële las vir die regering en veral vir projekte waar markte nie maklik gevind kan word vir grootskaalse verkope om die kostes te help dek nie. As gevolg hiervan moes Brittanje verskeie navorsingsprojekte laat vaar vanweë die geweldige kosteafmetings wat dit begin aanneem het.

Hierdie onvermoë van Brittanje om die steeds stygende navorsings- en ontwikkelingskoste op verskeie gevorderde tegnologiese projekte

te kan dra, het gelei tot die soeke na metodes om hierdie kostes met ander lande te kan deel. Britse industrieë wat afhanklik is van gevorderde tegnieke benodig aansienlike hulpbronne wat onder sekere omstandighede aan 'n risiko onderwerp word deurdat groot somme geld gespandeer word aan tegnologiese ontwikkeling lank voordat inkomste gerealiseer kan word. 'n Vergrote gemeenskap sal meehelp dat 'n raamwerk geskep word vir Europese industrieë om saam te werk en dus kostes en risiko op 'n wyer en gemeenskaplike front te deel.

Lidmaatskap van een van die grootste markte ter wêreld sal beteken dat Britse firmas hul aktiwiteit op 'n gesonde grondslag sal kan beplan en ekonomiese voordele kan nou benut word deur massaproduksie. Verder sal potensiële beleggers aangemoedig word om in Britse industrieë te belê waardeur vreemde kapitaal die land sal binnevloei wat kan dien as inspuiting vir verdere ekonomiese groei en produktiwiteit. Die sterkpunt van die Britse ekonomie lê in die vermoë van die Britse firmas om hul produkte suksesvol op die plaaslike en buitelandse markte, te midde van sterk kompetisie, te kan verkoop. Om dit te kan doen en om die nodige beleggings te kan trek, vereis 'n snel groeiende tuismark. Die Britse mark is kleiner as heelwat van sy mededingers se tuismarkte en dit sal algaande moeiliker word om die soort industriële struktuur wat Brittanje in die toekoms gaan benodig, te skep en te ondersteun. Die snel groeiend Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark kan in hierdie behoefte voorsien en die nodige stimulus bied.

## 1.5.2 Voordele vir die Europese Ekonomiese Gemeenskap

Die grootste bate vir die Europese Ekonomiese Gemeenskap met Brittanje se toelating as lid, behoort op die tegnologiese gebied na vore te kom. Brittanje is op die gebied van gevorderde tegnologie meeste van die lidlande voor en sy leierskap sal help om die tegnologiese gaping tussen Europa en die V.S.A. te laat krimp. Britse leierskap op die gebied van kerntegnieke, die vliegtuigindustrie en rekenaarstegnologie kan van groot nut en waarde vir die ontwikkeling in ander lidlande wees. Daarbenewens sal Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap terselfdertyd 'n uitbreiding van die markte binne die Gemeenskap skep, wat 'n groter afsetgebied vir sekere produkte van lidlande sal meebring.

Verder is die pond-sterling ook 'n finansiële krag wat as bate kan dien daar bykans een kwart van die totale wêreldhandel in hierdie valuta plaasvind. Met Brittanje onder die vleuels van die Europese Ekonomiese Gemeenskap sal laasgenoemde een van die sterkste magte in die wêreldekonomie word wat 'n sterk en gesaghebbende stem op internasionale vlak kan uitoefen.

# HOOFSTUK II

## DIE GEVOLGE VAN BRITTANJE SE TOETREDE TOT DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP OP DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### 2.1 Die belangrikheid van Britse handel met Suid-Afrika

Alvorens daar bepaal kan word in hoe 'n mate Suid-Afrika se handel geraak gaan word deur Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap, moet daar eers gelet word op die werklike rol wat Brittanje vervul in Suid-Afrika se handel met die buitewêreld. Die belangrikste afsetmarkte vir die Republiek se uitvoere gedurende die periode 1968 tot 1972 word in tabel 2 weergegee. Die totale uitvoere het in die genoemde periode met R536,8 miljoen toegeneem, en in 1972 was 45,8 persent van Suid-Afrika se uitvoere na Brittanje en na die lidlande van die oorspronklike Europese Ekonomiese Gemeenskap. Uit die tabel blyk dit duidelik dat Brittanje die belangrikste uitvoermark vir Suid-Afrikaanse goedere is. Die relatiewe belangrikheid van uitvoere na Brittanje het egter 'n daling getoon wat toegeskryf kan word aan die groter mate van sukses wat die Suid-Afrikaanse uitvoerders in hul beleid van diversifikasie behaal het. In 1968 is 31,6 persent van die totale uitvoere na Brittanje uitgevoer, terwyl dit in 1972 26,0 persent beloop het. Die sukses van hierdie diversifikasiebeleid kan daadwerklik gemeet word aan die toename in die persentasie uitvoere na al die ander lande, insluitende die Europese Ekonomiese Gemeenskap, behalwe na lande soos die V.S.A., Japan en die Afrika-lande. In 1968 byvoorbeeld, is 17,6 persent van die

totale uitvoere na die Europese Ekonomiese Gemeenskap uitgevoer terwyl dit tot 19,8 persent toegeneem het in 1972. Gedurende 1972 was die uitvoer van goedere na Wes-Duitsland die grootste van al die lidlande, naamlik 6,5 persent. Daarna volg België en Luxemburg met 4,0 persent, Italië met 3,8 persent, Frankryk met 2,8 persent en Nederland met 2,7 persent. HIerdie volgorde van grootste uitvoere na lidlande, is gehandhaaf vir die hele periode 1968 tot 1972. Dit dien ook gemeld te word dat die uitvoer van goedere na Japan, naas Brittanje, die grootste persentasie van die totaaal in 1972, naamlik 12,7 persent, uitgemaak het. Dit dui op die belangrike rol wat Suid-Afrika se uitvoerhandel met Japan vervul.

Insgelyks toon tabel 3 die belangrikste lande waarvandaan Suid-Afrika goedere invoer asook hul aandeel in die totale invoere. Net soos in die geval van die uitvoer van goedere speel Brittanje hier ook 'n baie belangrike rol en is 20,9 persent van die totale invoere in 1972 vanaf Brittanje afkomstig. Die grootste aandeel is hier afkomstig vanaf die Europese Ekonomiese Gemeenskapslande waarvandaan Suid-Afrika in 1972 24,9 persent van sy totale goedere ingevoer het. Soos in die geval van ons uitvoere is Wes-Duitsland ook Suid-Afrika se belangrikste leweransier van goedere uit die Gemeenskap. Gedurende 1972 het Suid-Afrika 14,6 persent van sy totale invoer van goedere vanaf Wes-Duitsland ingevoer en die naaste lidland hieraan was Frankryk met 3,5 persent. Die ander lidlande se bydrae gedurende 1972 was in volgorde Italië 3,3 persent, Nederland 2,2 persent en België en Luxemburg tesame

TABEL 2[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: BELANGRIKSTE AFSETMARKTE: 1968 TOT 1972

| LAND VAN BESTEMMING | WAARDE VAN UITVOERE (R MILJOEN) | | | | | PERSENTASIE VAN TOTALE UITVOERE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 |
| Verenigde Koninkryk | 476,1 | 510,3 | 446,4 | 417,9 | 531,3 | 31,6 | 33,3 | 28,9 | 26,8 | 26,0 |
| Oorspronklike E.E.G.-lande: | | | | | | | | | | |
| Frankryk | 37,5 | 43,0 | 40,3 | 38,3 | 56,9 | 2,5 | 2,8 | 2,6 | 2,5 | 2,8 |
| Nederland | 31,5 | 32,4 | 34,9 | 36,4 | 55,8 | 2,1 | 2,1 | 2,3 | 2,3 | 2,7 |
| Wes-Duitsland | 101,3 | 102,2 | 109,1 | 110,2 | 132,6 | 6,7 | 6,7 | 7,1 | 7,1 | 6,5 |
| België en Luxemburg | 52,0 | 63,2 | 55,7 | 56,9 | 81,6 | 3,4 | 4,1 | 3,6 | 3,6 | 4,0 |
| Italië | 43,0 | 44,8 | 42,4 | 37,2 | 77,3 | 2,9 | 2,9 | 2,7 | 2,4 | 3,8 |
| Totaal vir oorspronklike E.E.G. | 265,3 | 285,6 | 282,4 | 279,0 | 404,2 | 17,6 | 18,6 | 18,3 | 17,9 | 19,8 |
| V.S.A. | 104,2 | 110,0 | 129,3 | 118,5 | 147,0 | 6,9 | 7,2 | 8,4 | 7,6 | 7,2 |
| Japan | 204,5 | 151,8 | 180,6 | 182,1 | 259,3 | 13,6 | 9,9 | 11,7 | 11,7 | 12,7 |
| Afrika-Lande | 249,0 | 254,6 | 263,9 | 292,9 | 305,6 | 16,4 | 16,6 | 17,1 | 18,7 | 15,0 |
| Ander | 208,2 | 240,3 | 220,3 | 270,9 | 396,7 | 13,9 | 14,4 | 15,6 | 17,3 | 19,3 |
| Totale uitvoere | 1507,3 | 1532,6 | 1542,9 | 1561,3 | 2044,1 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

1) Saamgestel en bereken uit: Departement van Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelstatistiek, boekdeel I en II. Kalenderjare 1968 tot 1972.

TABEL 3[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: INVOERE VOLGENS LANDE VAN HERKOMS: 1968-1972

| LAND VAN HERKOMS | WAARDE VAN INVOERE (R MILJOEN) | | | | | PERSENTASIE VAN TOTALE INVOERE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 |
| Verenigde Koninkryk | 449,5 | 499,4 | 560,6 | 670,6 | 590,5 | 23,8 | 23,4 | 22,0 | 23,2 | 20,9 |
| Oorspronklike E.E.G.-lande: | | | | | | | | | | |
| Frankryk | 67,0 | 61,2 | 89,0 | 104,7 | 99,3 | 3,5 | 2,9 | 3,5 | 3,6 | 3,5 |
| Nederland | 42,2 | 41,4 | 58,6 | 58,4 | 62,4 | 2,3 | 1,9 | 2,3 | 2,0 | 2,2 |
| Wes-Duitsland | 253,7 | 292,9 | 372,4 | 408,9 | 413,0 | 13,5 | 13,7 | 14,6 | 14,3 | 14,6 |
| België en Luxemburg | 20,5 | 23,9 | 34,0 | 38,0 | 35,5 | 1,0 | 1,1 | 1,3 | 1,3 | 1,3 |
| Italië | 78,0 | 84,7 | 104,4 | 105,2 | 94,4 | 4,2 | 4,0 | 4,0 | 3,6 | 3,3 |
| Totaal vir oorspronklike E.E.G. | 461,4 | 504,1 | 658,4 | 715,2 | 704,6 | 24,5 | 23,6 | 25,7 | 24,8 | 24,9 |
| V.S.A. | 332,8 | 370,1 | 423,8 | 469,7 | 466,6 | 17,7 | 17,3 | 16,7 | 16,3 | 16,5 |
| Japan | 124,0 | 188,2 | 221,2 | 292,1 | 267,1 | 6,6 | 8,8 | 8,7 | 10,2 | 9,5 |
| Afrika-Lande | 120,5 | 111,0 | 131,2 | 127,8 | 152,3 | 6,4 | 5,2 | 5,2 | 4,4 | 5,4 |
| Ander | 396,2 | 462,0 | 551,9 | 609,3 | 645,4 | 21,0 | 21,7 | 21,7 | 21,1 | 22,8 |
| Totale invoere | 1884,4 | 2134,8 | 2547,1 | 2884,7 | 2826,5 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

1) Saamgestel en bereken uit: Departement van Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelstatistiek, boekdeel I en II. Kalenderjare 1968 tot 1972.

1,3 persent. Naas Brittanje is die V.S.A. ons grootste enkele leweransier van goedere en het Suid-Afrika gedurende 1972, 16,5 persent van sy totale invoere vanaf die V.S.A. gekry. Japan vervul hier ook 'n belangrike rol en 9,5 persent van Suid-Afrika se totale invoere was gedurende 1972 vanaf Japan afkomstig.

Die belangrikheid van die handel tussen Brittanje en Suid-Afrika word dus duidelik weerspieël in bogenoemde twee tabelle. Dit is dan ook duidelik dat enige verandering ten opsigte van hierdie handel met Brittanje in die vorm van stygings in doeaneregte, toevoeging van heffings en belastings, dan ook daadwerklik weerspieël sal word in die handelsyfers; hetsy as gunstig of ongunstig. Aangesien Brittanje Suid-Afrika se grootste enkele handelsvennoot is, sal sy toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap met die gepaardgaande aanvaarding van die gemeenskaplike landboubeleid oor 'n periode van vyf jaar, wel 'n direkte invloed hê op die handel, veral met die verdwyning van die voorkeurtariewe wat voor toetrede van toepassing was op Suid-Afrika. Watter sektore van die handel die meeste geraak gaan word en in welke mate, sal nou van nader toegelig word.

## 2.2 Suid-Afrika se handel met Brittanje

Ten einde te kan bepaal watter sektore van die handel van nader ondersoek moet word, word eerstens gekyk na die handel tussen Suid-Afrika en Brittanje in sy geheel. Tabel 4 gee 'n uiteensetting van die afdelings waarin die verskillende soorte kommoditeite gegroepeer is volgens die internasionale Brusselse

TABEL 4[1)]

AFDELINGS VAN DIE BRUSSELSE NOMENKLATUUR

| AFDELING | BESKRYWING |
|---|---|
| 01 | Lewende diere: dierlike produkte |
| 02 | Plantaardige produkte |
| 03 | Dierlike en plantaardige vette en olies en splitsprodukte daarvan: voorbereide spysvette: dierlike en plantaardige wasse |
| 04 | Voorbereide voedsel : dranke spiritus en asyn : tabak |
| 05 | Mineraalprodukte |
| 06 | Produkte van die chemiese en verwante nywerhede |
| 07 | Kunsharse en plastiekstowwe : Sellulose-esters en -eters : rubber, sintetiese rubber en artikels daarvan |
| 08 | Ongelooide huide en velle, leer pelsvelle en artikels daarvan : saal- en tuiemakersware : reisartikels en handsakke |
| 09 | Hout en artikels van hout : houtskool : kurk en artikels van kurk : fabrikate van strooi : mandjiewerk en vlegwerk |
| 10 | Stowwe vir die vervaardiging van papier : papier en artikels daarvan |
| 11 | Tekstiele en tekstielartikels |
| 12 | Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, swepe en onderdele daarvan : bereide vere en artikels daarvan gemaak : kunsblomme : artikels van mensehaar : waaiers |
| 13 | Artikels van klip, van gips, van sement, van asbes, van mika en van derglike stowwe : keramiese produkte : glas en glasware |

1) Saamgestel uit: Departement van Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelstatistiek, boekdeel I, 1971, p.iv.

Tabel 4 vervolg:

| AFDELING | BESKRYWING |
|---|---|
| 14 | Pêrels, edel- en halfedelstene, edelmetale en artikels daarvan : nagemaakte juweliersware; muntstukke |
| 15 | Onedelmetale en artikels daarvan |
| 16 | Masjinerie en meganiese toestelle : elektriese toerusting; onderdele daarvan |
| 17 | Voertuie, vliegtuie en onderdele daarvan; vaartuie en sekere verwante toerusting |
| 18 | Optiese, fotografiese, kinematografiese, meetkontrole-mediese en chirurgiese instrumente en apparaat; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; televisie-beeld- en klankopnemers en -weergewers, onderdele daarvan |
| 19 | - |
| 20 | Diverse vervaardigde artikels |
| 21 | Kunswerke, versamelaarstukke en antieke |
| 22 | Ander ongeklassifiseerde goedere |

Nomenklatuur. Hierdie indeling vorm die breë basis van alle handelsgoedere en sal hier as uitgangspunt gebruik word.

Gebaseer op bogenoemde toon tabel 5 en 6 die handel tussen die Republiek en Brittanje vir die periode 1970 tot 1972. Tabel 5 weerspieël die uitvoere vanaf Suid-Afrika na Brittanje en tabel 6 gee 'n aanduiding van Suid-Afrika se invoere vanaf Brittanje. Die afdelings wat die grootste en belangrikste persentasie van die totale uitvoere verteenwoordig, blyk die volgende te wees:

(a) Pêrels, edel- en halfedelstene, edelmetale en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware; muntstukke

(b) Plantaardige produkte

(c) Voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn; tabak

(d) Onedelmetale en artikels daarvan

(e) Ander ongeklassifiseerde goedere

(f) Tekstiele en tekstielartikels

(g) Lewende diere en dierlike produkte

(h) Mineraalprodukte.

Die gesamentlike uitvoere van produkte in bogenoemde afdelings, verteenwoordig byvoorbeeld 93,04 persent van die totale uitvoer van goedere na Brittanje vir 1972. Hiervan het die afdeling met edelgesteentes, edelmetale en artikels daarvan, juweliersware en muntstukke die grootste persentasie uitgemaak, naamlik 32,69 persent. Plantaardige produkte het 14,77 persent en voorbereide voedsel, dranke, spiritus, asyn en tabak het 13,76 persent van die totale uitvoere vir 1972 verteenwoordig. Die uitvoere van alle ander goedere in die onderskeie afdelings was minder as sewe persent in elke geval.

Tabelle 7 tot 13 gee 'n verdere ontleding ten opsigte van die afdelings wat die grootste persentasie van Suid-Afrika se uitvoere na Brittanje verteenwoordig. Tabel 7 toon dat die uitvoer van pêrels, edelstene, halfedelstene, edelmetale en nagemaakte juweliersware 99,7 persent van die totale uitvoer, en muntstukke slegs 0,3 persent van die totale uitvoer in afdeling 14 uitmaak.

TABEL 5[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1970 TOT 1972

| Afdeling | Waarde van uitvoere (R miljoen) | | | Persentasie van totale uitvoere | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1971 | 1972 | 1970 | 1971 | 1972 |
| 01 | 10,04 | 10,04 | 24,35 | 2,25 | 2,40 | 4,58 |
| 02 | 50,69 | 54,32 | 78,48 | 11,36 | 13,0 | 14,77 |
| 03 | 3,76 | 3,75 | 3,05 | 0,84 | 0,90 | 0,57 |
| 04 | 57,24 | 49,07 | 73,11 | 12,82 | 11,74 | 13,76 |
| 05 | 22,33 | 17,88 | 22,23 | 5,00 | 4,28 | 4,18 |
| 06 | 5,20 | 5,06 | 4,24 | 1,17 | 1,21 | 0,80 |
| 07 | 1,22 | 0,24 | 0,26 | 0,27 | 0,06 | 0,05 |
| 08 | 18,10 | 16,27 | 18,44 | 4,06 | 3,90 | 3,47 |
| 09 | 0,06 | 0,11 | 0,27 | 0,01 | 0,03 | 0,05 |
| 10 | 14,22 | 16,44 | 20,29 | 3,19 | 3,93 | 3,82 |
| 11 | 17,18 | 12,40 | 28,88 | 3,85 | 2,97 | 5,44 |
| 12 | 0,01 | 0,00 | 0,01 | 0,00 | 0,00 | 0,00 |
| 13 | 0,57 | 0,29 | 0,42 | 0,13 | 0,07 | 0,08 |
| 14 | 137,91 | 138,48 | 173,68 | 30,90 | 33,14 | 32,69 |
| 15 | 30,23 | 28,05 | 36,96 | 6,77 | 6,71 | 6,96 |
| 16 | 4,53 | 5,57 | 8,09 | 1,01 | 1,33 | 1,52 |
| 17 | 1,58 | 1,97 | 1,83 | 0,35 | 0,47 | 0,34 |
| 18 | 1,19 | 0,84 | 1,09 | 0,27 | 0,20 | 0,21 |
| 19 | - | - | - | - | - | - |
| 20 | 0,01 | 0,04 | 0,15 | 0,00 | 0,01 | 0,03 |
| 21 | 0,37 | 0,33 | 3,24 | 0,08 | 0,08 | 0,61 |
| 22 | 69,91 | 56,76 | 32,29 | 15,66 | 13,58 | 6,08 |
| Totale uitvoere | 446,35 | 417,91 | 531,36 | 100 | 100 | 100 |

1) Saamgestel en bereken uit: Departement Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelsstatistiek. Kalenderjare 1970 tot 1972.

In die afdeling oor plantaardige produkte, tabel 8, is die belangrikste groepe van produkte wat uitgevoer word eetbare vrugte, neute, sitrusvrugte, en graansoorte, wat onderskeidelik 53,12 persent en 42,6 persent van die totaal in hierdie afdeling uitmaak. Die belangrikste groep van produkte wat vermelding verdien in die afdeling van voorbereide voedsel, drank, spiritus, asyn en tabak is die bereidinge van groente, vrugte en ander dele van plante wat 49,79 persent van die totale uitvoere in hierdie afdeling verteenwoordig (tabel 9). Koper, yster en staal verteenwoordig 89,7 persent (tabel 10) van die totale uitvoer van onedelmetale en artikels daarvan. Wat die afdeling tekstiele en tekstielartikels betref, speel die groep produkte, naamlik wol en ander dierehaar die grootste rol en verteenwoordig dan ook 94,1 persent (tabel 11) van die totale uitvoere in hierdie afdeling. Ingsgelyks toon tabel 12 en 13 die volgende belangrikste groepe van produkte wat na Brittanje uitgevoer word in die afdeling van lewende diere en dierlike produkte en die afdeling van mineraalprodukte:

(a) vleis en eetbare vleisafval - 60,6 persent

(b) metaalertse - 55,8 persent

(c) sout, swael, aardes en klip; pleisterstowwe, kalk en sement - 40,1 persent

(d) suiwelprodukte en natuurlike heuning - 32,8 persent.

Die grootste persentasie van die totale invoer vanaf Brittanje na Suid-Afrika, blyk die volgende afdelings te wees (sien tabel 6):-

TABEL 6[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: INVOERE VANAF DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1970 TOT 1972

| Afdeling | Waarde van invoere (R miljoen) | | | Persentasie van totale invoere | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1971 | 1972 | 1970 | 1971 | 1972 |
| 01 | 2,15 | 2,43 | 2,02 | 0,38 | 0,36 | 0,34 |
| 02 | 1,50 | 1,32 | 1,96 | 0,27 | 0,20 | 0,33 |
| 03 | 0,63 | 0,53 | 0,39 | 0,11 | 0,08 | 0,07 |
| 04 | 9,73 | 11,42 | 8,94 | 1,74 | 1,70 | 1,51 |
| 05 | 5,35 | 5,63 | 4,61 | 0,95 | 0,84 | 0,78 |
| 06 | 40,07 | 46,49 | 51,34 | 7,15 | 6,93 | 8,69 |
| 07 | 27,33 | 31,00 | 29,74 | 4,88 | 4,62 | 5,04 |
| 08 | 2,90 | 3,42 | 3,77 | 0,52 | 0,51 | 0,64 |
| 09 | 1,12 | 0,97 | 1,08 | 0,20 | 0,14 | 0,18 |
| 10 | 19,28 | 22,10 | 23,48 | 3,44 | 3,30 | 3,98 |
| 11 | 40,04 | 40,53 | 31,82 | 7,14 | 6,04 | 5,39 |
| 12 | 1,74 | 1,84 | 1,64 | 0,31 | 0,27 | 0,28 |
| 13 | 10,16 | 12,10 | 11,61 | 1,81 | 1,80 | 1,97 |
| 14 | 7,74 | 8,39 | 15,01 | 1,38 | 1,25 | 2,54 |
| 15 | 38,54 | 57,12 | 37,45 | 6,88 | 8,52 | 6,34 |
| 16 | 196,48 | 238,81 | 209,19 | 35,06 | 35,61 | 35,43 |
| 17 | 122,94 | 151,68 | 124,57 | 21,93 | 22,62 | 21,10 |
| 18 | 19,23 | 21,82 | 21,67 | 3,43 | 3,25 | 3,67 |
| 19 | - | - | - | - | - | - |
| 20 | 5,93 | 6,28 | 5,00 | 1,06 | 0,94 | 0,85 |
| 21 | 2,04 | 3,07 | 1,49 | 0,36 | 0,46 | 0,25 |
| 22 | 5,64 | 3,60 | 3,72 | 1,01 | 0,54 | 0,63 |
| Totale invoere | 560,54 | 670,55 | 590,50 | 100 | 100 | 100 |

1) Saamgestel en bereken uit: Departement van Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelsstatistiek. Kalenderjare 1970 tot 1972.

TABEL 7[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN PêRELS, EDELSTENE, HALF-EDELSTENE, EDELMETALE, NAGEMAAKTE JUWELIERSWARE EN MUNTSTUKKE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Pêrels, edel- en halfedelstene, edelmetale, gewalste edelmetale, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware | 172 941 471 | 99,7 |
| Muntstukke | 439 054 | 0,3 |
| Totale uitvoere in hierdie afdeling | 173 380 525 | 100 |

(a) Masjinerie en meganiese toestelle, elektriese toerusting en onderdele daarvan

(b) Voertuie, vliegtuie en onderdele daarvan, vaartuie en sekere verwante toerusting.

Die goedere wat onder hierdie twee afdelings gedurende 1972 vanaf Brittanje ingevoer is, het 56,53 persent van die totale invoere vanaf hierdie land uitgemaak. Die invoer van goedere gegroepeer onder al die ander afdelings het vir elke afdeling oor die periode 1970 tot 1972 minder as tien persent bedra.

1) Saamgestel en bereken uit: Departement van Doeane en Aksyns se Buitelandse Handelstatistiek. Kalenderjaar 1972. Rekenaaruitdruk.

TABEL 8[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN PLANTAARDIGE PRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Lewende bome en ander plante; bolle, wortels en soortgelyke plantprodukte : afgesnyde blomme en sierloof | 309 124 | 0,39 |
| Eetbare groente en sekere wortels en knolle | 1 635 957 | 2,1 |
| Eetbare vrugte en neute : skille van lemoene of sitrusvrugte | 41 751 895 | 53,12 |
| Koffie, tee, matte en speserye | - | |
| Graansoorte | 33 485 315 | 42,6 |
| Produkte van die maalnywerheid: mout en stysels | 135 495 | 0,17 |
| Oliesade en olieagtige vrugte; diverse grane, sade en vrugte : Industriële en medisinale plante, strooi en voer | 1 209 211 | 1,54 |
| Onbewerkte plantaardige stowwe van 'n soort geskik vir gebruik in kleuring of in looiery, lakke gomme, harse en ander plantaardige stappe en ekstrakte | 9 748 | 0,01 |
| Plantaardige vleg- en snywerkstowwe; plantaardige produkte nie elders vermeld of ingesluit nie | 24 407 | 0,04 |
| Totale uitvoer van plantaardige produkte | 78 561 152 | 100 |

1) Ibid.

TABEL 9[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN VOORBEREIDE VOEDSEL, DRANKE, SPIRITUS, ASYN EN TABAK NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b. (R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Bereidinge van vleis, van vis, van skaaldiere of van weekdiere | 12 392 893 | 16,96 |
| Suikers en suikergoed | 5 444 676 | 7,45 |
| Kakao en kakaobereidinge | 1 648 | 0,0 |
| Bereidinge van graansoorte, meelblom of stysel, soetgebak | - | |
| Bereidinge van groente, vrugte en ander dele van plante | 36 386 889 | 49,79 |
| Diverse eetbare bereidinge | 53 552 | 0,07 |
| Dranke, spiritus en asyn | 2 490 499 | 3,4 |
| Oorblyfsels en afval van die voedsel nywerhede; bereide dierevoere | 11 002 083 | 15,1 |
| Tabak | 5 310 120 | 7,27 |
| Totale uitvoere van voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn : tabak | 73 082 560 | 100 |

1) Ibid.

TABEL 10[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN ONEDELMETALE EN ARTIKELS DAARVAN NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Yster en staal en artikels daarvan | 11 903 998 | 32,2 |
| Koper en artikels daarvan | 21 293 448 | 57,5 |
| Nikkel en artikels daarvan | 1 079 345 | 2,9 |
| Aluminium en artikels daarvan | 20 406 | - |
| Magnesium en berillium en artikels daarvan | 425 | - |
| Lood en artikels daarvan | 1 242 348 | 3,6 |
| Sink en artikels daarvan | - | |
| Tin en artikels daarvan | - | |
| Ander onedelmetale in mettalurgie gebruik en artikels daarvan | 949 840 | 2,6 |
| Gereedskap, implimente, snygereedskap, lepels en vurke van onedelmetaal: onderdele daarvan | 423 591 | 1,1 |
| Diverse artikels van onedelmetaal | 93 216 | 0,2 |
| Totale uitvoere in hierdie afdeling | 37 006 617 | 100 |

1) Ibid.

TABEL 11[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE VAN TEKSTIELE EN TEKSTIELARTIKELS NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Sy en afvalsy | 4 090 | - |
| Gevalriseerde vesels (kontinu) | 15 902 | - |
| Gemetaliseerde tekstiele | - | |
| Wol en ander dierehaar | 27 124 356 | 94,1 |
| Vlas en ramie | - | |
| Katoen | 639 286 | 2,2 |
| Gevalriseerde vesels (diskontinu) | 47 420 | 0,2 |
| Tapyte, matte en matstowwe, tapisserieë, kant, borduurwerk | 194 144 | 0,7 |
| Watte en vilt; touwerk, toue en kabels; tekstielartikels wat vir industriële gebruik geskik is | 14 556 | - |
| Gebreide en gehekelde goedere | 29 096 | 0,1 |
| Kledingstukke en klerasiebykomstighede van tekstielstof, uitgesonderd gebreide en gehekelde goedere | 751 797 | 2,6 |
| Ander opgemaakte tekstielartikels | 1 104 | - |
| Ou klerasie en ander tekstielartikels, lappe | 5 150 | - |
| Totale uitvoer van tekstiele | 28 826 901 | 100 |

1) Ibid.

TABEL 12[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN LEWENDE DIERE EN DIERLIKE PRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Lewende diere | 59 088 | 0,2 |
| Vleis en eetbare vleisafval | 14 750 625 | 60,6 |
| Vis, skaal- en weekdiere | 1 272 370 | 5,2 |
| Suiwelprodukte en voëleiers; natuurlik heuning | 7 989 798 | 32,8 |
| Produkte van dierlike oorsprong nie elders vermeld of ingesluit nie | 284 385 | 1,2 |
| **Totale uitvoer van lewende diere en dierlike produkte** | 24 356 266 | 100 |

TABEL 13[2)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOER VAN MINERAALPRODUKTE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK: 1972

| Groepering van produkte binne afdeling | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Sout, swael, aardes en klip; pleisterstowwe, kalk en sement | 8 915 989 | 40,1 |
| Metaalertse, -slak en -as. | 12 401 485 | 55,8 |
| Mineraalbrandstowwe, mineraalolies en produkte uit die distillasie daarvan; bitumineuse stowwe; mineraalwasse | 890 701 | 4,1 |
| **Totale uitvoer van mineraalprodukte** | 22 208 175 | 100 |

1) Ibid.

2) Ibid.

Hierdie handelspatroon is dan ook kenmerkend van die handel tussen 'n ontwikkelende land soos die Republiek van Suid-Afrika en 'n ontwikkelde land soos Brittanje. Soos reeds in hoofstuk een uiteengesit, sal die grootste aanpassing in Brittanje se ekonomie en handelspatroon met sy toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap, in die landbousektor en industrie gemaak moet word. Vanweë die implementering van die gemeenskaplike landboubeleid van die Gemeenskap oor 'n periode van vyf jaar in Brittanje, sal dit sekere heffings, doeaneregte en belastings meebring wat van toepassing gemaak sal word op ingevoerde landbouprodukte wat tot en met sy toetrede afwesig was vanweë sekere voorkeure waarin Suid-Afrika ook gedeel het. Gedurende hierdie oorgangsperiode sal landbouprodukte wat vanaf die Derde Wêreld na Brittanje ingevoer word aan sekere kostestygings onderwerp word wat dan noodwendig hierdie produkte op die Britse mark onder hewige kompetisie met produkte vanaf lidlande sal plaas. Hierdie verdwyning van die voorkeurtariewe wat op Statebondslande en Suid-Afrika van toepassing was, sal dus meebring dat die uitvoere van produkte vanaf Suid-Afrika wat hieraan onderworpe was, daadwerklik geraak sal word.

Vanweë die wye implikasies wat die aanvaarding van die gemeenskaplike landboubeleid deur Brittanje met toetrede kan te weeg bring, is dit van belang om hierdie sektor uit te sonder vir nadere ontleding in die bepaling van die gevolge vir Suid-Afrika met die vergroting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Die afdeling wat die grootste persentasie van ons totale uitvoere na Brittanje uitmaak, naamlik pêrels, edel-, halfedelstene, edel-

metale, ensovoorts, (afdeling 14), sal dus nie verder ondersoek word nie, maar die aandag sal toegespits word op afdelings 02 en 04, naamlik plantaardige produkte en voorbereide voedsel, dranke, spiritus, ensovoorts, wat die grootste persentasie in die landbousektor verteenwoordig. Soos uit tabel 6 blyk, is die invoer van landbougoedere vanaf Brittanje minimaal klein in verhouding tot die invoer van voltooide goedere en sal verdere ontleding dus slegs op die uitvoerhandel met Brittanje toegespits word.

## 2.3 Ontleding van die landbou en aanverwante produkte

In tabelle 8 en 9 word 'n verdere ontleding gedoen van die uitvoer van plantaardige produkte (afdeling 02) en voorbereide voedsel, dranke, spiritus, asyn en tabak (afdeling 04) na Brittanje vir 1972. Hierdie twee afdelings verteenwoordig tesame 28,53 persent[1] van Suid-Afrika se totale uitvoere na Brittanje. Die groepe produkte wat in hierdie twee afdelings die grootste persentasie van die totale uitvoer van elke afdeling verteenwoordig, blyk die volgende te wees:

(a) Eetbare vrugte en neute: skille van lemoene of sitrusvrugte - 53,12 persent

(b) Graansoorte - 42,6 persent

(c) Bereidinge van groente, vrugte en ander dele van plante - 49,79 persent

1) Sien tabel 5.

(d) Bereidinge van vleis, van vis, van skaaldiere of van weekdiere - 16,96 persent

(e) Oorblyfsels en afval van die voedselnywerhede: bereide dierevoere - 15,1 persent

(f) Suikers en suikergoed - 7,45 persent

(g) Tabak - 7,27 persent

Alle ander groepe produkte in hierdie twee afdelings vorm 'n minimale persentasie van die totaal en kan buite rekening gelaat word. Tabel 14 toon die verspreiding en indeling van die verskillende produkte onder die groep eetbare vrugte, neute, skille van lemoene of sitrusvrugte. Hierdie tabel weerspieël die belangrike rol wat die uitvoer van vars vrugte vanaf die Republiek na Brittanje vervul. Die uitvoer van vars appels verteenwoordig 33,55 persent, en die uitvoer van vars lemoene 26,18 persent van die totale uitvoer van hierdie groep van produkte. Insgelyks verteenwoordig druiwe 11,68 persent; pere en kwepers 7,50 persent; pomelo's 5,92 persent, ensovoorts. Tabel 15 gee 'n uiteensetting van die uitvoer van graansoorte vanaf die Republiek na Brittanje vir 1972 en toon dat mielies 98,37 persent van die totale uitvoere in hierdie groep verteenwoordig. Nog 'n belangrike groep uitvoere, naamlik bereide groente, vrugte en ander dele van plante vir dieselfde jaar, word in tabel 16 getoon en dit weerspiël die belangrike rol wat die uitvoer van ingemaakte vrugte speel. Die inmaakbedryf se uitvoere verteenwoordig 88,87 persent van die totaal in hierdie groep. Insgelyks toon tabelle 17 tot 19 dat die uitvoere van die volgende produkte in 1972 die grootste persentasie van die totale uitvoere van goedere in elke groep

uitmaak, naamlik gepreserveerde sardyne, beesvleis in lugdigte metaalhouers, vismeel, oliekoek en ander oorblyfsels en onbewerkte tabak.

Met behulp van die inligting vervat in tabelle 14 tot 19 is getoon watter landbou- en aanverwante produkte die vernaamste rol in Suid-Afrika se uitvoerhandel met Brittanje speel, en dat die uitvoer van hierdie produkte 28,53 persent van die totaal uitmaak. Die aanpassings van Brittanje se voorkeurtariewe om dit in ooreenstemming te bring met die Europese Ekonomiese Gemeenskaptariewe sal dus reeds op 'n vroeë stadium na toetrede die uitvoer van hierdie produkte nadelig kan beïnvloed. Hierdie produkte sal dus aan sterker en strawwer mededinging op die Britse mark onderwerp word.

TABEL 14[1)]

DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN EETBARE VRUGTE, NEUTE EN SKILLE VAN LEMOENE OF SITRUSVRUGTE: 1972

| Produkte | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Piesangs, vars | 565 748 | 1,36 |
| Avokado's | 680 355 | 1,63 |
| Mango's | 18 728 | 0,04 |
| Vars, nie elders in hierdie pos vermeld nie | 5 670 | 0,01 |
| Lemoene, vars | 10 924 341 | 26,16 |

1) Ibid.

Tabel 14 vervolg:

| Produkte | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Pomelo's | 2 472 527 | 5,92 |
| Ander (Sitrus) | 1 535 939 | 3,68 |
| Druiwe, vars | 4 875 920 | 11,68 |
| Ander (Druiwe) | 824 805 | 1,98 |
| Appels, vars | 14 008 433 | 33,55 |
| Pere en kwepers, vars | 3 132 140 | 7,50 |
| Pruime | 1 443 980 | 3,46 |
| Pruimedante | 9 952 | 0,02 |
| Perskes | 425 497 | 1,01 |
| Appelkose | 67 555 | 0,16 |
| Ander (Steenvrugte) | 10 281 | 0,02 |
| Bessies, vars | 33 093 | 0,08 |
| Spanspek | 149 408 | 0,36 |
| Ander vrugte, vars | 4 937 | 0,01 |
| Piesangs, pynappels, lemoene en koejawels (bevrore, sonder suiker) | 11 303 | 0,03 |
| Ander (bevrore, sonder suiker) | 140 689 | 0,34 |
| Appelkose, gedroog | 201 036 | 0,48 |
| Perskes, gedroog | 26 573 | 0,06 |
| Pere, gedroog | 12 039 | 0,03 |
| Ander, gedroog | 170 946 | 0,41 |
| Totaal | 41 751 895 | 100 |

TABEL 15[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GRAANSOORTE: 1972

| Produkte | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Wit mielies | 26 351 123 | 78,69 |
| Geel mielies | 6 588 331 | 19,68 |
| Bokwiet | 3 774 | 0,01 |
| Giers, met inbegrip van manne | 9 659 | 0,03 |
| Sorghum, met inbegrip van kafferkoring | 532 428 | 1,59 |
| Totaal | 33 485 315 | 100 |

TABEL 16[2)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN BEREIDE GROENTE, VRUGTE EN ANDER DELE VAN PLANTE: 1972

| Produk | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Atjar, mosterdatjar, blatjang en soortgelyke bereiding | 16 233 | 0,04 |
| Atjar, mosterdatjar, blatjang en soortgelyke bereiding (sonder asyn of asynsuur) | 714 | 0,00 |
| Erte, bone en lensies (sonder asyn of asynsuur) | 507 546 | 1,39 |
| Aspersies (sonder asyn of asynsuur) | 59 256 | 0,16 |
| Ander (sonder asyn of asynsuur) | 23 404 | 0,06 |
| Ander vrugte bevrore met suiker | 1 570 | 0,00 |
| Suikerskil, gekristalliseer | 415 390 | 1,14 |
| Konfyt, vrugtejellies en marmelades | 1 054 143 | 2,90 |

1) Ibid.
2) Ibid.

Tabel 16 vervolg:

| Produk | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Ander (vrugtepastes, gekook) | 1 141 | 0,00 |
| Moes en tamaryne | 56 130 | 0,15 |
| Ingemaakte pere | 5 125 166 | 14 09 |
| Ingemaakte perskes | 13 657 782 | 37 53 |
| Ingemaakte appelkose | 1 164 893 | 3,20 |
| Ingemaakte druiwe | 6 005 | 0,02 |
| Ingemaakte pynappels | 4 082 965 | 11,22 |
| Ingemaakte koejawels | 107 326 | 0,29 |
| Ingemaakte lemoene | 22 000 | 0,06 |
| Ander ingemaakte vrugte | 8 175 651 | 22,46 |
| Lemoensap, gekonsentreerd | 593 689 | 1,63 |
| Lemoensap | 96 864 | 0,27 |
| Ander sitrussappe | 311 693 | 0,86 |
| Pynappelsap | 777 285 | 2,14 |
| Ander vrugtesappe met inbegrip van druiwemoes | 52 299 | 0,14 |
| Ander vrugtesappe | 77 742 | 0,21 |
| Totaal | 36 386 889 | 100 |

TABEL 17[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN BEREIDE VLEIS EN VIS, VAN SKAALDIERE OF VAN WEEKDIERE: 1972

| Produk | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Ham | 145 311 | 1,17 |
| Beesvleis in lugdigte metaalhouers | 4 578 106 | 36,94 |
| Ander vleis in lugdigte metaalhouers | 12 514 | 0,10 |
| Vleisekstrakte en vleissappe | 43 960 | 0,35 |
| Sardyne, gepreserveerd | 7 606 021 | 61,37 |
| Ander vis in lugdigte metaalhouers | 6 081 | 0,05 |
| Ander vis | 900 | 0,01 |
| Totaal | 12 392 893 | 100 |

TABEL 18[2)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN OORBLYFSELS EN AFVAL VAN VOEDSELNYWERHEDE; BEREIDE DIERVOER: 1972

| Produk | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Vleismeel | 233 051 | 2,12 |
| Vismeel | 7 528 103 | 68,42 |
| "Hominy Chop" | 13 118 | 0,12 |
| Koringsemels | 608 688 | 5,53 |
| Ander | 66 073 | 0,60 |
| Afval en oorblyfsels van suikervervaardiging | 410 192 | 3,73 |
| Oliekoek en ander oorblyfsels | 2 117 321 | 19,24 |
| Plantaardige produkte vir diervoedsel | 20 219 | 0,18 |
| Versoete voer | 5 318 | 0,05 |
| Totaal | 11 002 083 | 100 |

1) Ibid.
2) Ibid.

TABEL 19[1)]

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: UITVOERE NA DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN TABAK: 1972

| Produk | Waarde van uitvoere v.a.b.(R) | Persentasie van totaal |
|---|---|---|
| Onbewerkte tabak | 5 301 650 | 99,84 |
| Tabakafval | 6 970 | 0,13 |
| Pyptabak | 1 500 | 0,02 |
| Totaal | 5 310 120 | 100 |

## 2.4 Voorkeurtariewe

Binne die Statebond bestaan daar 'n stelsel van voorkeurtariewe waarin alle lidlande asook die Republiek van Suid-Afrika deel het. Hierdie stelsel van voorkeurbehandeling het onder meer daarvoor voorsiening gemaak dat daar op sekere produkte wat vanaf Statebondslande en Suid-Afrika na Brittanje uitgevoer is geen tariewe gehef is nie. Die stelsel het derhalwe meegebring dat produkte wat aan die voorkeurbepalings onderworpe was op die Britse mark begunstig is. Suid-Afrika het soos alle ander Statebondslande voordeel getrek uit hierdie mededingende posisie op die Britse tuismark. Dit is dus van belang om weer eens daarop te let dat hierdie voorkeurbehandeling in Brittanje weldra plek sal moet maak vir die beginsels en neergelegde beleid soos vervat in die gemeenskaplike landboubeleid van die Gemeenskap. Hierdie vermindering in mededinging op die Britse mark vir die belangrikste uitvoerprodukte van Suid-Afrika soos aangetoon, sal nou verder ontleed word.

---

1) Ibid.

## 2.5 Die invloed van Brittanje se toetrede op die uitvoer van die belangrikste uitvoerprodukte

Alvorens daar nou oorgegaan word om aan te toon in hoe 'n mate uitvoerders van die produkte soos hierbo bespreek, daadwerklik beïnvloed kan word, moet daar weer eers kortliks gewys word op die huidige stand van vordering in die Europese Ekonomiese Gemeenskap se landboubeleid. Vordering is reeds gemaak langs die weg om 'n gemeenskaplike landboubeleid dwarsdeur die Gemeenskap tot stand te bring. Die belangrikste aspekte wat tans onder oë gesien moet word, is ondermeer die volgende:

(a) Die gemeenskaplike invoerreg wat in alle lidlande op die invoer van landbouprodukte van toepassing is.

(b) Dat elke lidland tans nog sy eie persentasie toegevoegde waardebelasting hef op ingevoerde produkte. Hierdie persentasie varieer onder lidlande en elke land oefen sy eie beheer uit in hierdie verband. Die grootte van hierdie persentasie hang ook nog saam met die luuksheid van elke produk. Indien 'n produk as uiters luuks geklassifiseer word, kan die toegevoegde waardebelasting tot 20 persent styg.

(c) Heffings wat van toepassing gemaak word op ingevoerde produkte om die referensieprys van produkte binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap geproduseer, te handhaaf.

Vanweë die ontbreking van 'n gemeenskaplike standaard vir die toegevoegde waardebelasting dwarsdeur die Europese Ekonomiese Gemeenskap, is dit op hierdie stadium slegs van praktiese waarde om een

lidland uit te sonder en as voorbeeld te gebruik. Ten einde 'n beeld te verkry van die gevolg van Brittanje se toetrede op uitvoerders in die Republiek van die produkte aangetoon in paragraaf 2.3, is dit nodig om die voorwaardes van toepassing in die Europese Ekonomiese Gemeenskap nader te ondersoek. Die lidland wat hier uitgesonder en as voorbeeld geneem word, is Nederland. Tabel 20 gee 'n uiteensetting van die Europese Ekonomiese Gemeenskapvoorwaardes in Nederland soos van toepassing op die belangrikste uitvoerprodukte van die Republiek na Brittanje. Vir vars appels en lemoene is daar 'n wisseling van 8 tot 20 persent in die persentasie invoerreg van toepassing vir verskillende periodes of seisoene van die jaar. Wat die ander produkte betref word daar 'n vaste persentasie invoerreg dwarsdeur die jaar gehef.

Tabel 21 toon die toepassing van hierdie voorwaardes op sekere van die belangrikste uitvoerprodukte van die Republiek na Brittanje. Indien hierdie totale invoerkoste nou vergelyk sou word met die totale invoerkoste van toepassing op hierdie produkte onder voorkeurtariewe in Brittanje, en indien daar aangeneem word dat min of meer dieselfde Europese Ekonomiese Gemeenskap voorwaardes in Brittanje van toepassing sal wees na die oorgangsperiode, kan die waarskynlike styging in totale koste van hierdie produkte uit Suid-Afrika, nou aangetoon word.

(a) Vars vrugte: Geen invoerreg is onder die voorkeurbehandeling op vars vrugte vanaf die Republiek na Brittanje gehef

nie.[1] Vir die uitvoerder van vars appels sal die toetrede van Brittanje tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap dus 'n totale styging in koste van 112,3[2] min 100 persent, of te wel 12,3 persent tot 118,6[3] min 100 persent of te wel 18,6 persent kan meebring, afhangende van die periode in die jaar wanneer hierdie produk uitgevoer sou word. Op soortgelyke wyse mag 'n totale kostestyging van tussen 19,6 en 24,8 persent ondervind word op die uitvoer van lemoene na Brittanje en 10,3 persent op die uitvoer van druiwe.

(b) Ingemaakte vrugte: In die geval van die inmaakbedryf word daar in die Europese Ekonomiese Gemeenskap bo en behalwe die persentasie invoerreg en toegevoegde waardebelasting, ook nog 'n suikerbelasting gehef. Ingemaakte vrugte wat onder voorkeurtariewe na Brittanje uitgevoer is, was vry van invoerreg[4] maar 'n suikerheffing van ongeveer drie persent[5] is ook op alle ingemaakte vrugte wat in suikerstroop verpak is, gehef. Die totale invoerkoste onder voorkeurtariewe beloop dus k.a.v. waarde plus 3 persent, of te wel 103 persent. Vir die invoerder van ingemaakte vrugte sal Britse toetrede tot die E.E.G. dus 'n kostestyging van 31,5 en 33,7 persent kan meebring afhangende of die verpakking 1 kg. oorskry al dan nie.

---

1) Customs and Excise. Tariff for the United Kingdom and Northern Ireland. Her Majesty's Stationary Office, Londen, Desember 1959, pp.41-44.

2) Sien tabel 21.

3) Ibid.

4) Customs and Excise. Tariff for the United Kingdom and Northern Ireland, op.cit., p.67.

5) Ibid., pp.68-70.

TABEL 20[1)]

DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP: VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP UITVOERE NA NEDERLAND

| Produk | E.E.G. VOORWAARDES | | |
|---|---|---|---|
| | Periode | Invoerreg % | Toegevoegde Waardebelasting % |
| Appels, vars | 1 Jan. - 31 Maart | 10 | 4 |
| | 1 April - 31 Julie | 8 | 4 |
| | 1 Aug. - 31 Des. | 14 | 4 |
| Lemoene, vars | 1 April - 15 Okt. | 15 | 4 |
| | 16 Okt. - 31 Maart | 20 | 4 |
| Druiwe, vars | 1 Jan. - 31 Des. | 6 | 4 |
| Wit mielies | 1 Jan. - 31 Des. | 0 | 4 |
| Ingemaakte perskes, pere en appelkose met verpakking groter as 1 kg. | 1 Jan. - 31 Des. | 22 | 4 |
| Ingemaakte perskes, pere en appelkose met verpakking kleiner as 1 kg. | 1 Jan. - 31 Des. | 24 | 4 |
| Sardyne, gepreserveerde | 1 Jan. - 31 Des. | 25 | 16 |
| Beesvleis in lugdigte metaalhouers | 1 Jan. - 31 Des. | 16 | 16 |
| Vismeel | 1 Jan. - 31 Des. | 2 | 16 |
| Oliekoek en ander oorblyfsels | 1 Jan. - 31 Des. | 0 | 16 |
| Onverwerkte tabak | 1 Jan. - 31 Des. | 23 | 16 |

1) Tarief van Invoerrechten, Heffingspersentasies. Holland, Kluuver-Geventer. April 1973-Junie 1973, pp.8-12 tot pp.24-31.

TABEL 21

PRYSE VAN DIE BELANGRIKSTE UITVOERPRODUKTE IN DIE LANDBOUSEKTOR NA BRITTANJE ONDER E.E.G. VOORWAARDES SOOS VAN TOEPASSING IN NEDERLAND

| Koste | Vars Appels | | | Vars Lemoene | | Vars Druiwe | Ingemaakte Pere, Perskes en Appelkose | | Mielies | Ingemaakte Sardyne | Ingemaakte beesvleis | Vismeel |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Verpakking groter as 1 kg. | Verpakking kleiner as 1 kg. | | | | |
| | 1 Jan. tot 31 Mrt. | 1 Apr. tot 31 Jul. | 1 Aug. tot 31 Des. | 1 Apr. tot 15 Okt. | 16 Okt. tot 31 Mrt. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. | 1 Jan. tot 31 Des. |
| K.a.v. waarde (%) | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| Invoerreg (%) | 10 | 8 | 14 | 15 | 20 | 6 | 22 | 24 | 0 | 25 | 16 | 2 |
| Suikerbelasting (%) | - | - | - | - | - | - | 7,32[1] | 7,44[2] | - | - | - | - |
| Toegevoegde waardebelasting (%) | 4,4 | 4,32 | 4,56 | 4,6 | 4,8 | 4,24 | 5,17 | 5,26 | 4 | 20 | 18,56 | 16,32 |
| Totale Invoerkoste | 114,4 | 112,3 | 118,56 | 119,6 | 124,8 | 110,24 | 134,49 | 136,7 | 104 | 145 | 134,56 | 118,32 |



1) Die persentasie suikerbelasting varieer en 6% is hier as 'n gemiddelde waarde geneem.

2) Ibid.

(c) Mielies: Geen invoerreg[1] is onder die voorkeurbehandeling op mielies vanaf die Republiek na Brittanje gehef nie. Vir die invoerder van mielies in Brittanje sal die toetrede van Brittanje tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap dus 'n styging in koste van 104 min 100 persent of te wel 4 persent kan meebring.

(d) Ingemaakte sardyne en beesvleis: Dieselfde voorwaardes[2] onder voorkeurbehandeling soos hierbo genoem, is ook hier van toepassing op die uitvoer van die produkte vanaf Suid-Afrika na Brittanje. Indien nou dieselfde voorwaardes soos van toepassing in Nederland, ook op Brittanje van toepassing gemaak word, kan die kostestyging vir invoerders van ingemaakte sardyne in Brittanje, 45 persent bedra. Net soos in die geval van ingemaakte sardyne, kan die styging in kostes vir invoerders van ingemaakte beesvleis, 34,6 persent bedra.

(e) Vismeel: Ook in hierdie geval is daar geen invoerreg[3] onder voorkeurbehandeling op vismeel gehef nie, en Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap kan 'n kostestyging van 18,3 persent vir die invoerder van hierdie produk in Brittanje meebring.

Bo en behalwe bogenoemde persentasie kostestygings op die verskillende produkte, moet die normale opslagpersentasies van die hande-

---

1) Ibid., p.47.
2) Ibid., pp.58-60.
3) Ibid., p.60.

laar in die distribusiebedryf binne Brittanje toegevoeg word wat derhalwe nog 'n groter styging tot gevolg kan hê.

Die vraag ontstaan nou wat die posisie sal wees indien 'n Britse invoerder van hierdie produkte uit ander Europese Ekonomiese Gemeenskapslande sou invoer. Invoere van hierdie soort produkte onderling tussen Europese Ekonomiese Gemeenskapslande is vry van invoerreg, maar is nog onderhewig aan 'n toegevoegde waardebelasting en in sommige gevalle ook 'n suikerbelasting. So 'n stap sal dus meebring dat die kostestyging vir die invoerder van so 'n produk minder sal wees as in die geval waar dieselfde produk vanaf Suid-Afrika ingevoer word, vanweë die afwesigheid van invoerreg.

## 2.6 Samevatting en gevolgtrekking

Dit blyk dus duidelik in die lig van bostaande bespreking dat Brittanje se toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap die landbousektor in Suid-Afrika nadelig gaan raak. In hoe 'n mate, en met watter persentasie kostestygings, sal afhang van die persentasie toegevoegde waardebelasting wat op landbouprodukte gehef gaan word aan die einde van die oorgangsperiode. Dit ly egter geen twyfel dat nieteenstaande watter persentasie ook al gehef sal word, die landbousektor aan die volgende gevolge blootgestel sal word:

(a) 'n verlaging in uitvoeromset,

(b) 'n styging in kleinhandelspryse op die Britse mark, en

(c) 'n verskerpte mededinging van buitelandse voorsieners.

# BIBLIOGRAFIE


| | |
|---|---|
| EVANS, D., red. | Destiny or Dilusion: Britain and the Common Market. London, Victor Gollancz, 1971. |
| VAN MEERHAEGHE, M.A. red. | Economics: Britain and the E.E.C. London, Longmans, 1969. |
| PISANI, E. e.a. | Problems of British Entry into the E.E.C. Reports to the Action Committee for the United States of Europe. European Series No. 11. London, Chathau House, 1969. |
| WARLEY, T.K. | Agriculture: The Cost of Joining the Common Market. London, Chathau House, 1967. |
| ANON | Bulletin of the European Committees. Brussels, Secretariat of the Commission, 1972. Volume 5, Nos. 8-12. |
| CAMPS, Miriam | Britain and the European Committee 1955-1963. London, Oxford University Press, 1964. |
| THE UNITED KINGDOM | Factsheets on Britain and Europe. Complete Series Nos. 1-11. Sun Printers. |
| ANON | Economic Progress Reports. Information Division of the Treasury of the United Kingdom. January 1973 to July 1973. |
| STEYN, G.J. | Europese Gemeenskapsmark Gaan Landbousektor Tref. <u>Volkshandel</u>, Augustus 1971. |

PRETORIUS, A.M. S.A. en Britse Toetrede tot die Gemeenskapsmark. Volkshandel, Februarie 1971.

ANON België Bied 'n Groot Mark aan S.A. Vrugte- en Groenteinvoerders. Handel en Nywerheid, Februarie 1972.

ANON Verwerking in Vreemde Lande. Volkshandel, Februarie 1972.